

Die terugreis. Lukas 24:13-35




**Vandag wil ek jou nooi
om saam met my
'n belydenis te doen van ons geloof.**

Saam met dié wat getuies was
van die gebeure van die eerste Goeie Vrydag bely ons in die geloof...

Saam met Judas Iskariot...
dat ons soms 'n onskuldige Man verraai.

Saam met Simon van Sirene...
dat wanneer jy Jesus volg,
sy kruis ook jóú kruis word.

Saam met die Romeinse Soldaat...
dat ook ons
afgestomp raak vir ander se nood.



Saam met Maria...
dat ons mekaar nodig het
om Jesus enduit te volg.

Saam met die sterwende misdadiger...
dat 'n regverdige Man gesterf het.

Saam met die Romeinse offisier...
dat hierdie Man
werklik die Seun van God is.

En jy ... wat glo jy?

En nou bely ons ook saam
met die wolk van geloofsgetuies oor die eeue heen...

Ek glo in God die Vader, die Almagtige,
die Skepper van die hemel en die aarde.

En in Jesus, sy eniggebore Seun, ons Here;

wat ontvang is van die Heilige Gees,

gebore is uit die maagd Maria;

wat gely het onder Pontius Pilatus,

gekruisig is,

gestarf het,

en begrawe is

en ter helle neergedaal het:

Wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dood;

wat opgevaar het na die hemel
en sit aan die regterhand van God,
die almagtige Vader,
van waar Hy sal kom om te oordeel,
dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo aan 'n Heilige, algemene, Christelike kerk,
die gemeenskap van die heiliges;

die vergewing van sondes;
die opstanding van die vlees,
en 'n ewige lewe.

Die terugreis. Lukas 24:13-35



Die Emmausgangers

Op dieselfde dag was twee van hulle op pad na 'n dorpie met die naam Emmaus, twaalf kilometer van Jerusalem af.

Hulle was in gesprek met mekaar oor al hierdie dinge wat gebeur het.

Terwyl hulle so gesels en gedagtes wissel, het Jesus self nader gekom en met hulle saamgeloop, maar hulle oë is verhinder om Hom te herken.

Hy vra hulle toe:

“Wat is dit wat julle so ernstig met mekaar loop en bespreek?”

Met somber gesigte gaan hulle staan, en een van hulle, met die naam Kleopas, antwoord Hom

“Is u dan die enigste vreemdeling in Jerusalem
dat u nie weet van die dinge wat in die afgelope dae daar gebeur het nie?”
Hy vra vir hulle: “Watter dinge?”

Hulle antwoord Hom:
“Die dinge in verband met Jesus van Nasaret,
'n profeet wat magtig was in woord en daad
voor God en die hele volk;
en hoe ons priesterhoofde en die lede van ons Raad
Hom oorgelewer het om ter dood veroordeel te word,
en Hom gekruisig het.


Ons het so gehoop dat dit Hy is wat Israel sou verlos.
Maar boonop is dit vandag al die derde dag vandat die dinge gebeur het.

En nou het 'n paar vroue uit ons kring ons ook nog ontstel.
Hulle was vanmôre vroeg by die graf
en kon sy liggaam nie kry nie.
Hulle het kom vertel dat hulle 'n verskyning gesien het
van engele wat gesê het Hy lewe.

Sommige van ons mense het ook na die graf toe gegaan
en dit net so gekry soos die vroue gesê het,
maar Hom het hulle nie gesien nie.”

Toe sê Hy vir hulle:


“Wat 'n gebrek aan begrip en wat 'n traagheid van gees!
Glo julle dan nie al die dinge wat die profete gesê het nie?
Moes die Christus nie hierdie dinge ly
om in sy heerlikheid in te gaan nie?



”Daarna het Hy by Moses en al die profete begin
en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê.

Toe hulle by die dorpie aankom
waarheen hulle op pad was,
het Hy gemaak of Hy verder wou gaan.


Hulle het egter by Hom aangedring en gesê:
“Bly by ons, want dit is amper aand en die dag is al verby.”



Toe het Hy ingegaan om by hulle oor te bly.
Terwyl Hy saam met hulle aan tafel was,
neem Hy die brood, vra die seën,
breek dit en gee dit vir hulle.

Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom herken,
maar Hy het uit hulle gesig verdwyn.

Hulle sê toe vir mekaar:
“Het ons hart nie warm geword
toe Hy op die pad met ons gepraat
en vir ons die Skrif uitgelê het nie?”



Hulle het dadelik opgestaan
en na Jerusalem toe teruggegaan.

Daar kry hulle die elf en die ander mense bymekaar,
en dié sê:

“Die Here het regtig opgestaan
en Hy het aan Simon verskyn!”

Toe vertel hulle wat op die pad gebeur het,
en hoe Hy aan hulle bekend geword het toe Hy die brood gebreek het.

Gebed

Outeur: Augustinus

God van ons lewe, daar kom dae
wanneer die laste wat ons dra
ons skouers skaaf en ons neerdruk;
wanneer die pad vorentoe droewig en eindeloos lyk,
die lug vaal, troosteloos en dreigend;
dae wanneer die lied uit ons lewe verdwyn
en ons hart eensaam is en ons siel moedeloos word.

Laat dan u lig skyn op ons pad,
rig ons oë op na die hemele van belofte;
snaar U ons hart vir die lied;
skenk ons die gemeenskap van die heiliges en helde van die eeue;
en sterk so ons gees om ook ander, wat die pad saam met ons bewandel,
te onderskraag tot u eer en verheerliking.

En dan wil ek ook die gebed van die Emmaus gangers bid:
“Bly by ons Here”.

Amen.



Seënbede uit die 15de eeu

Here, verlig my verstand en my interpretasie;
Here, verlig my oë en die manier waarop ek kyk;
Here, verlig my mond en my woorde;
Here, verlig my hart en dit wat ek bedink;
Here, wees met my waar ek nou hiervandaan vertrek. Amen.